**Saterdag 18 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 26**
**Fokusgedeelte: Eksodus 26:31-33**
**Christus se kruisdood verander ons**

Eksodus 26 teken die planne op wat God aan Moses geopenbaar het vir die bouwerk van die tabernakel. Dit was ’n draagbare tent waarin die Here Homself op ’n spesiale manier in Israel gemanifesteer het. Volgens Eksodus 26 is die tabernakelkompleks in die vorm van ’n reghoek met ’n plat dak gemaak, en dit het drie afdelings gehad: ’n buite-binnehof omring deur gordyne van bokhaar en ramvelle wat oor ’n houtraam gespan is (vs 7-25). Dan was daar die eintlike tabernakel gemaak van pragtig geweefde linne (vs 1-6). Die tabernakel is geskei in twee kamers — die Heilige en die Allerheiligste (vs 31-33).

Wat belangrik is om te weet, is dat die tabernakel ’n afbeelding was van God se hemelse troonkamer. Die verbondsark het in die Allerheiligste gesit as die voetbank van die Here (Eks. 26:34), en die gerubs wat in die gordyne van die tabernakel geweef is, was uitbeeldings van die hemelse leërskare wat God dag en nag in die hemel verheerlik (vs 1).

Die boodskap van die tabernakel in geheel is duidelik. Die Heilige God, Skepper van hemel en aarde, die God van skoonheid, grootsheid, neem die inisiatief en maak hierdie plan om weer naby sy mense te kom, in hulle midde te wees, saam met hulle te leef! Die voorhangsel wat toegang tot God se intieme teenwoordigheid drasties beperk, sê egter dat daar steeds skeiding is tussen sondaars en ’n heilige God. Om sy teenwoordigheid binne te gaan, is geen geringe saak nie. Hy bepaal hoe ons Hom moet aanbid.

Jesus het niks aan God se karakter kom verander nie. Hy’s heilig en ons is sondig. Sy kruisdood verander ons! Die voorhangsel skeur as Jesus sterf, nie omdat God minder heilig is nie, maar omdat ons geheilig is om deur Jesus se bloed in God se teenwoordigheid te kom en te leef waar Hy ons hoe langer hoe meer nuut maak. Dis só kosbaar om te besef dat die Almagtige God alles doen wat nodig is om by ons te wees en saam met ons deur hierdie lewe te gaan. Laat ons des te meer rekening hou met sy heiligheid en grootsheid en sy groot genade vir ons, en daarvolgens leef en Hom in lyn daarmee aanbid, totdat ons uiteindelik by Hom in sy troonkamer kom, met niks wat ons meer van mekaar skei nie!

*Sing: Skrifberyming 23 (18-5):1-4 (wysie van Skrifberyming 9-4, Liedboek 442)*

*Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)*